**4 Oktober**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 2:1-10**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 2:9 (1933/53-en 1983-vertaling)**

## Jesus is die hoeksteen, jy is ’n lewende steen saam met ander

Wanneer die apostel Petrus in vers 9 na die uitverkore volk en koninklike priesterdom verwys, dan verwys hy na ons wat die kerk van God hier op aarde vorm. Ons vorm die lewende stene wat bou op die steen wat God alreeds in Sion gelê het. Hierdie steen wat God gelê het, is Jesus Christus en Hy alleen vorm die Hoof van die kerk en die enigste vastigheid waarop ons durf om te waag bou.

Hoe kan ons verseker wees dat ons een van hierdie lewende stene is? Ons weet dit omdat ons Jesus Christus, die lewende steen, as ons Verlosser aanroep. Hy is die lewende steen wat die wêreld verwerp het, en wat vir hulle ’n steen geword het waaroor hulle struikel. Maar ons word deur hierdie steen tot lewende stene opgebou.

Daarom moet ons eerstens onsself van al die dinge van hierdie wêreld reinig, naamlik kwaad, bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpratery. En daarna moet ons verlang, eintlik smag soos ’n baba na die melk van sy moeder smag. So moet ons na die Woord van God smag. Ons smag nie soos mense wat maar net op iets beter hoop nie. Ons sien in vers 3 dat ons alreeds weet dat dit goed is vir ons. Daarom smag ons daarna.

Ons moet egter nie net tot ons eie voordeel opgebou word nie. Ons moet opgebou word sodat ons geestelike offers kan bring wat vir God welgevallig is en sodat ons God se verlossingsdade kan verkondig aan die wêreld waarin ons woon en werk.

*Sing: Skrifberyming 7-2:1, 2*

*Teologiese Student Franscois Pretorius*